REDAKSIES

ADMINISTRASIE

Redaksioneel

Beste aardbewoners,

"Die aarde behoort aan die Here en die volheid daarvan, die wêreld en die wat daarin woon"
- Psalm 24:1

Die tema vir hierdie maand se uitgawe,vra die vraag: **Aardbol – Die mens se speelplek?**

Ons Godgegewe skeppingsopdrag is om getroue rentmeesters van God se tuin, ons aardse woning, te wees.
Maar ons mense is so geneig om te vergeet dat ons slegs tydelike inwoners op "die aarde wat aan die Here behoort" is. Ons gebruik eenvoudig die skepping en vergeet dikwels van ons verantwoordelikheid om daarvoor te sorg.

Die skepping vertoon God se goddelikheid, Sy onderhoudende aanwesigheid, en Sy ewigdurende mag; daar is 'n God-gegewe orde en prinsiep waarvolgens alles werk.

Ondanks talle omgewings-kwessies – wat dikwels 'n oorsaak is van ons manier van lewe – mag ons egter steeds bly glo dat God in beheer bly.

Dit neem egter nie ons verantwoordelikheid weg nie. Kom ons maak 'n verskil, sodat ons kinders ook nog van die mooi skepping wat God gemaak het kan geniet, van die hemele wat Sy eer vertel, en die uitspansel wat die werk van Sy hande verkondig (Ps 19:2).

As gevolg van 'n klein misverstand, handel nie alle artikels oor die tema nie. Ons vra verskoning.

Geniet die uitgawe! Maak 'n verskil, maar begin by jouself… En vra God vir Sy seën daaroor.

Groete,
Mariëtte

IN HIERDIE UITGAWE

Redaksioneel 2
Uit die Woord 3
Bewerk en bewaar 3
Aardbol – die mens se speelplek 5
Die vaste vertroue van die geloof as moedeloosheid dreig (Hebr. 11:1-3) 6
Oppad 8
Wat is die rol van Christene in die regering? ... 8
Oorlog en nu 9
Voel jy ook so? 10
Film analise 10
Hoe om kritiek te lewer en te aanvaar (positief en negatief) 12
Deur die sleutelgat 13
Voetspore 14
Nog iets... 15

VOLGENDE UITGAWE

Sperdatum vir die volgende uitgawe is

DV 11 November 2007

Uit die Woord

Bewerk en bewaar

Catelyne van der Sluis

"Toe het die Here die mens geneem en hom in die tuin van Eden gestel om dit te bewerk en te bewaak." (Gen 2:15)

Die bekende skrywer, PJ Schoeman, het gesê: "In die natuur voel dit asof jy baie nader is aan God."

Vir ons, as Christene, weet ons dat wat hy sê, baie waar is. As jy in God se skepping staan en na die natuur om jou kyk, die bome, die diere en tot selfs die klein goggatjies, waarop jy trap sonder om dit te besef, dis dan wanneer jy voel God is sommer hier by jou. Álles in God se skepping laat jou besef hoe wonderbaarlik die Here is, nog altyd was en altyd sal wees. Hy het al die dinge in die hemel en op aarde geskep, van die grootste olifant tot die kleinste miertjie. Hy het alles geskep en vir ons, Sy skepsele, die opdrag gegee om daaroor te heers en dit te bewaar. [Om dit te bewerk en te bewaak. (Gen 1:28 en Gen 2:15)] Dit alles leer en weet ons vanuit die Bybel. God se skepping bring ons nader aan Hom, elke keer as ons stilstaan en kyk.

Maar sal dit nog lank so wees? Sal ons nog lank in die natuur kan stilstaan en aan die wonders van God dink? Sal daar nog bome, diere en klein goggatjies wees? Sal ons eendag vir ons kinders die pragtige werke van God se hande kan wys? Sal ons, soos God ons beveel het, nog die natuur kan bewaak en bewerk?

Nee, beslis nie as ons so aangaan nie! Soos wat ons vandag leef, is ons besig om die aarde en alles wat God vir ons geskep en gegee het, te vernietig. Stadig maar seker is ons besig om die wonderlike wêreld rondom ons se prop uit te trek. Ons tap die aarde leeg sonder om altyd iets terug te sit. Ons skep 'n wanbalans, die onttrekking oorskry altyd die verdienste.

Stilstaan

I'm busy, Lord!

I'm busy, Lord. Surely You can see
The thousand things that wait for me!
The dishes still lie in the sink –
I cannot stop to pray and think.

Lord, I know You understand,
For You gave these children to my hand;
And now they cry and need me so,
Lord, You understand. I'd better go.

Now I've got them all to sleep,
I'd better dust and mop and sweep.
I must thaw out the meat for stew,
And the ironing is long overdue!

And kindly my Lord answered me,
"Why do you from My presence flee?
I have so much for you today.
My child, I want to hear you pray."

"I love you, child; I want you here
To rest and listen – to shed a tear.
What if Paul had stopped to say,
'Lord, I'm too busy to write letters today!'?"

"No, my child, I'm what you need,
Through household duties you can speed,
Yet when you're through, there's
emptiness
If this quiet time you miss."

Oh, thank You, Lord, for showing me
How much I need to wait on Thee.
For what's an undone dish or two
Compared with sharing time with You?!

- Nancy Stitzel

In Gen 2:15 staan: "... *om dit te bewerk en te bewaak*." Dit is die opdrag wat God vir Adam gegee het in die Paradys en die opdrag geld vandag ook nog vir ons. God beveel ons in die vers dat ons die aarde, Sy Skepping, moet bewerk deur dinge in die grond te sit, en moet bewaar deur die aarde op te pas. Die opdrag moet ons tot eer van God doen, omdat ons Sy kinders is, en omdat Hy die aarde gemaak het en die onderhouding daarvan in ons hande gelê het. Ons moet, as Christene, in die natuur werk. Ons moet God se opdragte gehoorsaam wees en die omgewing as gawe van Hom ontwikkel.

In plaas daarvan dat ons Sy Skepping bewaar, is ons besig om die omgewing om ons dood te maak. Hier 'n blikkie in die boom druk, daar 'n tjips sakkie 'per ongeluk' laat val en net nie weer optel nie. Deur elke dag rommel te strooi vernietig ons die natuur. Want al lyk een ou blikkie of een ou tjips sakkie onskuldig en nie so erg nie, is jy nie die enigste een wat so dink en dit doen nie. As almal net een ding per dag neergooi dan is dit op die einde van die dag 'n groot hoop. Almal se bietjies maak op die ou end een groot gemors. Selfs die sigaretstompie wat jy by die venster uitgooi besoedel die aarde. Dit help nie om te sê almal doen dit nie, iewers moet iemand 'n verskil maak en die iemand is ons as Christene, omdat dit 'n OPDRAG van God is!!

Elke jaar word daar ongeveer 2 biljoen ton gemors geproduseer en die getal styg jaarliks stadig maar seker.

Nog 'n manier waarop ons die aarde kan bewaar, is om nie elke keer al ons afvalprodukte net in die asblik te gooi nie, maar om te dink of ons dit nie op enige ander manier kan hergebruik nie. As daar moontlike plekke is waarheen ons ons plastiek, glas of blikkies kan vat, moet ons dit probeer doen. Ons moet dit probeer vermy om uit gemaklikheid onthalwe net alles in die asblik te gooi sonder om twee keer daaroor te dink.

Die natuur en omgewing rondom ons is al versadig van al die besoedeling. Duisende diere, plante en lewende organismes gaan elke dag dood van gemors wat deur mense rondgegooi word en afvalprodukte wat in riviere en damme gestort word. Ons wis die natuur, God se skepping, uit!!

Ons is afhanklik van die natuur wat ons besig is om uit te roei. Elke dag leef ons van die natuur wat God vir ons gegee het. Sonder die natuur het ons nie kos, water of suurstof (om net 'n paar te noem) nie.

Dit is ons plig as Christene, om die natuur en omgewing te bewaar. Al begin jy net deur nie jou blikkie in die boom te druk of jou tjips sakkie op die grond te gooi nie.

Vir ons as Christene lê die oplossing nie in die opruim van papiere, omdat dit vuil lyk, en ook nie by omgewingsake en groen bewegings nie, maar wel in 'n nederige erkentlikheid van die feit dat ons Here die omgewing aan ons, as Sy kinders, gegee het om te ontwikkel en te bewaar tot sy Naam.

"Eers as jy die natuur kan waardeer,
dan jy God en jou naaste waardeer."

Aardbol – die mens se speelplek

Rien Hordijk

Het jy al nagedink oor die toekoms hier op aarde? Oor die wêreld se energie-verbruik? Sal daar nog genoeg hulpbronne in die toekoms vir ons nageslagte oor wees?

Ons hoor al hoe meer gerugte oor die nuus van toekomstige olie- of petroltekorte as gevolg van die groter en groter vraag na energie (bv. China). Net so is dit met steenkool en ander brandstowwe. Geen wonder die petrol- en olie pryse styg so geweldig hoog nie.

Deesdae ry meer en meer mense voertuie wat swaar op brandstof is. Hierdeur word net al hoe meer hulpbronne verbrand. Sodoende word al ons hulpbronne uitgeput. Daar is oplosings vir hierdie probleem gevind, maar dis nog nie in gebruik geneem nie en blykbaar heeltemaal ontoereikend. Elektriesaangedrewe motors is ook al ontwerp. Navorsing het al getoon dat daar motors is wat op waterstof kan ry. Maar daar is nog probleme met die vervaardiging van waterstof. Daar is dus nog glad nie 'n volhoubare oplossing, sou die wêreld se olie uitgeput raak nie.

Die mens se opdrag

Ten eerste kan ons kyk na die opdrag van die mens. God het die mens geskep met die opdrag om oor die aarde te heers. Dit staan duidelik in Genesis 1:26 :

> "Laat Ons mense maak na ons beeld, na ons gelykenis, en laat hulle heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en die vee en oor die hele aarde en oor al die diere wat op die aarde kruip."

Die mens staan dus as kroon oor die skepping en die hele wêreld. Hy staan nooit as vreemdeling teenoor die aarde nie. Alles wat hy nodig het, ontvang hy uit hierdie skepping van God. Verder, in vers 29, noem God ook dat die groen plante en alles wat saad gee sy voedsel is. Sy voedsel en al die nodige hulpbronne ontvang hy uit hierdie aarde.

Dit sê nie dat ons met hierdie pragtige skepping kan mors net soos ons wil nie. Ons moet soos konings daaroor heers. Dit sluit dus aan by die drievoudige amp van die mens.

Profeet, priester en koning

God het die mens die drievoudige amp van profeet, priester en koning gegee. In 1Petrus 2:9 en ook Exodus 19:6 word dit duidelik gestel.

1 Petrus 2:9: "Maar julle is 'n uitverkore geslag, 'n koninklike priesterdom, 'n heilige volk as eiendom verkry, om te verkondig die deugde van Hom wat julle uit die duisternis geroep het tot sy wonderbare lig."

Exodus 19:6: "En julle sal vir My 'n koninkryk van priesters en 'n heilige nasie wees."

As profeet moet die mens dus God en sy werke steeds beter leer ken en ook sy lof verkondig. As priester moet hy homself aan die diens van die Here sy God wy.

Die koninklike amp is waarop ons hoofsaaklik gaan let. In hierdie amp moet ons die skatte en kragte, wat God in die skepping geopenbaar het, te voorskyn bring en ontwikkel. Dit moet ons doen tot eer van God en tot heil van ons naaste.

Daarom kan ons nie roekeloos met hierdie hulpbronne omgaan nie. Ons moet dus sorgsaam omgaan met hierdie skepping wat God ons gegee het, sodat daar ook nog hulpbronne beskikbaar is vir ons nageslag in die toekoms. Ons moet as profete, priesters en konings oor die aarde regeer. Respekteer die skepping van God deur sorgsaam en suinig daarmee om te gaan.

Bronne:

1. Ds. F.F. Venema. Wat is een Christen nodig te geloven?
2. Ds. J.G. Feenstra. Leer en lewe.

Die vaste vertroue van die geloof as moedeloosheid dreig (Hebr. 11:1-3)

Corlia Drijfhout

"Die **geloof** dan is 'n **vaste vertroue op** die **dinge wat ons hoop**, 'n **bewys** van die dinge **wat ons nie sien nie**." (Hebr. 11:1)

Dit is die bedoeling om 'n aantal artikels oor die geloofshelde in Hebreërs 11 te skryf. Voordat ons na die eerste verse kyk moet ons eers weet wat die agtergrond van die brief aan die Hebreërs is.

Daar bestaan onsekerheid oor wie die brief geskryf het. Daar word nêrens vermeld dat die brief van Paulus afkomstig is nie. Daar is aan Barnabas of Appolos as skrywer gedink, maar dit kan nie met sekerheid gesê word nie. Ons kan ook nie met sekerheid sê wie die geadresseerdes van die brief is nie. In Hebr. 13:24 word gepraat van "die wat in Italië is" en sommige verklaarders dink dat die ontvangers Christene uit die Jode in Rome was. Dit was dan Joodse bekeerlinge wat bekend was met die Ou Testament en wat besig was om op die Judaïsme terug te val. Volgens die Judaïste is die geregtigheid, wat Christus vir ons verwerf het, nie voldoende nie en daarmee verloën hulle Jesus as ons enigste en volkome Saligmaker. Dit beteken dat ons 'n bydrae tot ons eie regverdigmaking moet lewer. Dan word ons nie meer uit genade alleen deur die geloof geregverdig nie.

In Hebreërs 11:1 het ons nie met 'n definisie van geloof te doen nie. As iemand vir jou sou vra: "Wat is geloof?" of "Wat is 'n ware geloof?", kan jy nie sommer net antwoord: "die geloof dan is 'n vaste vertroue op die dinge wat ons hoop, 'n bewys van die dinge wat ons nie sien nie." Dit handel daaroor om te glo onder bepaalde omstandighede, wanneer daar moeites is, wanneer die Woord van God bestry word, wanneer die Bybel afgemaak word as 'n onbetroubare boek. Dit is die standvastigheid wat aan die gelowige gegee word (uit genade alleen) om deur alle lyde heen aan God vas te hou. Hierdie vers is 'n bemoediging. Die Heilige Gees wil ons hiermee opwek. Moedelose Christene word bly gemaak. In Hebreërs word die nadruk gelê op die geloof as die krag wat ons dryf om goeie werke te doen (6:1). Die krag ontvang die mens egter van God (13:20, 21). Agter alles staan die onveranderlike raad van God (6:17).

Sedert die Pinksterdag het daar 'n skeiding onder die Jode gekom. Twee partye het teenoor mekaar gestaan. Aan die een kant was daar die Jode wat in die Here Jesus geglo het: Hulle het God se beloftes leer ken en aanvaar en daaruit gelewe. Aan die ander kant was daar Jode wat nie Christene geword het nie. Hulle was vyandig: Hulle het God se beloftes nie verstaan en aanvaar nie, ook al het hulle diè geken en ook daaroor gepraat.
Dit is diè ongelowige Jode wat hulle onttrek het. Hulle wou nie saam met die leër optrek nie. Maar dit beteken dat hulle agterbly en deur die vyande oorweldig word. Hulle is verbondsbrekers. Maar daar was nou van die Christene wat ook gedreig het om agter te bly en uit te val. Hulle het nie in die geloofsstryd volgehou nie en kon nie standvastig bly op die geloofsfront nie.

Wat was fout met daardie Christene? Hulle het dan sulke mooi beloftes ontvang. Hulle het die inhoud en betekenis daarvan geken. Hulle het die Here Jesus geken. Hulle was bekend met sy hoëpriesterlike werk, eers op die aarde en nou in die hemel. Hulle was bekend met die toekoms: Nog 'n klein tydjie en Hy sal terugkom. Hulle het geweet dat Hy die sonde, die satan, siekte, ramp en dood volkome sou oorwin. Hulle het die evangelie gehoor en dit aanvaar.

En nou? Die beloofde dinge het nie gekom nie. Eerder die teendeel. Die nuwe hemel en die nuwe aarde? Daar het niks van gekom nie. Net toenemende ellende, chaos en geweld. Hulle gewaar niks van die koms van die Here nie. Die seun van God, erfgenaam van alle dinge? Maar die vyande van die kerk heers dan in God se skepping? Kinders van God word beroof! Sterfgevalle pleks van die beloofde lewe.

Daarom dreig daar afval. God se beloftes is baie mooi. Maar wat die eerste lesers sien is totaal verskillend. Die geloofslewe en blydskap van die begin, die werke van die eerste uur, verdwyn. Sò vinnig na die eerste gelowige lyde en diensbaarheid. Nà bekering en reformasie in verwondering oor die Here, Sy werk en Sy trou. Ons sien kragte buitekant en kragteloosheid in

eie kring. En moedeloosheid sluip binne. Dan kom daar klagtes oor te min werfkrag van die kerk. So maak die moedelose lidmaat die ander ook moedeloos en begin mense aan die beloftes van God twyfel.

Maar nou sê die Heilige Gees in hierdie verband: “Maar by ons is daar geen onttrekking tot verderf nie, maar geloof tot behoud van die lewe” (Hebr. 10:39).

Ons moet nie dink dat dit net ons is wat ‘n geloofsstryd voer nie. Ons is hierin een met alle gelowiges uit alle tye. In die een groot stryd wat alle eeue omvat, staan die front van die onttrekkers teenoor die front van die gelowiges. Deur die wêreldgeskiedenis heen is daar ‘n staande mag. Ons sien hierin die voorsienigheid van God (NGB Artikel 13).

Dinge wat ons hoop – daarmee word nie bedoel dat ons sekere ideale koester wat ons graag wil hê bewaarheid moet word nie. Gelukkig nie! Hoop staan in die Bybel altyd in verband met die beloftes van God. Die vervulling van daardie beloftes kan eeue later kom. Daar moet so baie gebeur, God is so lankmoedig. Hy regeer op Sy manier, maar Sy beloftes sal vervul word. Ons is ontrou, maar God bly getrou.

Dinge wat ons nie sien nie – daarmee word nie dinge bedoel wat ons nie kàn sien nie, soos byvoorbeeld die bestaan van God, die engele of duiwels nie. Dit gaan juis oor dinge wat ons wel kan sien, maar nie op dié stadium nie. Ons sal dit eendag sien.

Deur die geloof het die mense van die ou tyd getuienis ontvang. Oor hulle geloof het God vir hulle getuig. God het hierdie mense ‘n openbare gunstige attestaat gegee. ‘n Gunstige uitspraak oor hul leer en lewe. Ons kan vandag hierdie attestaat lees en ons moet dit ook lees om ons te bemoedig. Die getuienis staan in die Bybel vir ons opgeskryf. Hebreërs 11 wil egter nie ‘Geloofshelde’ op ‘n voetstuk plaas nie, sodat ons dink: “Ons kom nooit daarby nie!”. Nee, ons word bemoedig, omdat aangetoon word dat die inhoud van die geloof steeds “vashou aan die onsigbare en onbewysbare” is. Hierdie vaste vertroue werk die Heilige Gees deur die evangelie in my hart. Dit sluit in dat ons glo dat God nie net aan die gelowiges in die Bybel nie, maar ook aan my, uit loutere genade, slegs op grond van die verdienste van Christus, **vergewing van sondes**, **ewige geregtigheid** en **saligheid** skenk (Sondag 7 vraag en antwoord 21).

Deur die geloof verstaan ons dat die dinge wat om ons gebeur en die altyd weer nuwe omstandighede deur die Woord van God toeberei is. Sy Woord (wat een geheel vorm) is dit waardeur Hy onderhou en regeer en tot Sy doel kom. Alles wat gebeur is afhanklik van die Woord van onse God. Daarom: Vandag as julle sy stem hoor, verhard julle harte nie. Nie die belydenis loslaat nie. Nie eie breinkrag of gevoelens voorop stel nie. En daarom sê in verheerliking aan Hom: Ek glo, Here, kom my ongeloof en kleingeloof te hulp.

Bronne:
Dr. C. van der Waal. Sola Scriptura. Deel 4: Mattheus – Openbaring.
Ds. M. J. Booyens. ‘n Vaste vertroue op dit wat ons hoop.
J. J. Arnold. Dingen die wij niet zien.



Oppad

Wat is die rol van Christene in die regering?

Chris Luijk

Baie keer dink ons dat dit vir ‘n Christen nie moontlik is om ‘n basis te vorm op of in die politieke rigting nie. Politiek is ‘n kwessie van “vir of teen” ‘n bepaalde saak, of liewers, vir of teen bepaalde magsverhoudinge in die ekonomise sfeer. Christene word dan so telkens geforseer om ‘n keuse te maak sodat God se naam na vore sal kom. Dit sal by die meeste gevalle ‘n keuse wees wat, as jy gelukkig is, net gehoor sal word. Die realiteit van die wêreld is dat mense nie meer besluite neem uit die geloof vir God nie, maar uit eie belang en genot. Politiek is dus die eerste plek waar dit raakgesien sal word.

Dit als sê ek nie om die idee van ‘n Christelike regering in die grond te druk nie. Of dat dit in die realitiet van die wêreld onmoontlik sal wees nie. In teendeel. Ek sal elkeen aanmoedig wat dit oorweeg om die kans, of liewer uitdaging, te neem om ‘n Christelike invloed in die regering te bring. Daar is talle voorbeelde waar gesien kan word dat Christene van ons kerk ‘n hoë posisie in die politiese rigting bereik. Hoekom sal ‘n Christen nie so ‘n rol mag bereik nie? Hoekom moet ons altyd op die agtergrond sit en kyk? Ons word deur God gevra om sy genadevolle, almagtige naam oor die wêreld te verkondig en dan sal presies dit gedoen word. Ons dink altyd dat Christene nie met die wêreld mag meng nie en dat, as ons so iets aandurf, ons dalk langs die pad verlore kan gaan. Is dit nie ‘n tipiese voorbeeld van kleingeloof nie? Het ons nie die groot almagtige Vader aan ons kant nie? Dit gebeur gou dat ons moet opgee op iets, omdat ons dink dat ons as mens nie daar toe in staat is nie. Is dit nie dieselfde wat met Moses gebeur het toe God hom geroep en aangestel het om die volk uit Egipte te lei nie? God is almagtig, genadevol en barmhartig en sal ons lei waar ons gaan. Dit word verskeie kere aan ons beloof. En het ons dan nie ‘n baie groter en sterker basis om van af te werk nie? As God vir ons is, wie kan dan teen ons wees?

Is dit dan nie ‘n wonderlike plek om as Christen ‘n voorbeeld vir ander te wees oor hoe ‘n kind van God moet lewe en sy besluite daarop baseer nie? Ons het die ongelooflike voorreg gehad om Jesus as ‘n lewende voorbeeld te hê. Ons kan dan so lewe om sy beeld na te volg, sodat ander mense kan sien hoe God sy kinders met regverdigheid en barmhartigheid regeer. So kan dan verlang word na daardie genade en almag van God. En dit sal dan net dwaas wees om te dink dat daar nie ‘n plek vir Christene in die regering is nie en dat die wêreld al klaar te diep in sonde geval het om terug te keer. Daar staan tans geskrewe: Moet jou nie deur die kwaad laat oorwin nie, maar oorwin die kwaad deur die goeie (Romeine 12 : 21).

Politiek is dus net nog een van die vele vrae wat opkom by ‘n Christen, en ons kan weet dat, wat ook al gebeur, God ons altyd sal lei en vir ons sal help om die regte besluite te neem. God werk nie altyd soos ons dit wil hê nie, maar God het ‘n plan. Solank ons net op Hom vertrou en dit wat ons doen, doen deur Sy almagtige Woord aan die wêreld te verkondig, sodat ons almal Hom kan loof en prys.

Oorlog en nu

Lennard Voorberg

Hoe je daarmee omgaat, wat doet het je?

Als je er niet te veel over nadenkt en er niet te veel mee bezig bent, dan doet het je jammer genoeg niet veel. Dan heb je er geen erg in dat er zoveel mensen doodgaan, dat er zo ontzettend veel ellende en armoe, moord en doodslag is.

Hoe je je eigen dan vaak opsteld is van: " Ach, het is ver weg, en ja wat kunnen wij er nu aan doen?". En al deze gedachten zijn ergens wel waar. Wat kunnen wij er aan doen? Niet veel…..of mischien wel?

En dit gaat dan over oorlog, waar je niks mee te maken heb, wat misschien ver weg is. Maar er blijft natuurlik wel iets wat ons zeker kan doen en dat is iets dat we meestal vergeten. Of soms niet doen omdat je denkt dat het tog tevergeefs is. En dat is BIDDEN!

Je denkt misschien: laat ik voor die dingen bidden wat dicht bij mij gebeurt. Daar denk je aan en dus bidt ik ervoor. Maar als Christenen weten we alemaal dat als je God niet volgt, dat de leven dan tevergeefs is. Maar als je God vraagt om met deze mensen te zijn - deze mensen die misschien wel vechten voor hun gellof, of voor hun vrijheid, of wat dan reden ook – en Hem vraagt, of Hij asseblief voor vrede wil zorgen en met deze mensen wil zijn. Dan is dat absoluut niet tevergeefs. Dat is iets waarvan wij zeker mogen zijn en op mogen vertrouwen. Alles bij God neerlegt. Dat is wat Hij van je vraagt. Dus laten we het ook doen!

Nou wil ik het eigenlijk ook nog gouw tot deze tijd brengen. Oorlog op afstand is ver van ons bed, maar laten we nou naar onszelf kijk. Wat gebeurt op ons werk, op school of om het nog naderbij te halen – in onze eigen familie,thuis? Hoe is de situasie daar, hoe gaan we met elkaar om? Is de verhoudingen goed? Gaan we met elkaar om zoals God het van ons vraagt? Ik denk dit is zeker zo belangrijk als bidden voor een oorlog. Dit is iets waaraan vandaag aan kunnen werken.

Laten we hier ook voor BIDDEN!

Voel jy ook so?

Film analise

Alex van Houwelingen

'n Paar maande gelede het ek 'n artikel geskryf wat bedoel was vir publikasie in die Olielamp. Dié artikel se titel was "Hoe lees 'n mens films" of iets dergliks. In die artikel is twee films bespreek, *Dogma* en *The Last Temptation of the Christ*. My doel met dié artikel was om eerstens aan te dui dat films 'n goeie aanduiding gee van die sentiment, ideologie en kultuur van die tyd waarin dit gemaak is. Vanuit hierdie teorie wou ek dan films bespreek wat handel oor religieuse temas om sodoende te kan analiseer wat die 'wêreld' se visie van die geloof is. Verder het ek probeer om kortliks 'n diskussie oor die rol van Christene in die filmbedryf (en as filmkykers) op gang te sit.

En inderdaad was daar 'n diskussie, maar *helaas* nie in die Olielamp self nie. Die artikel is afgekeur vir publikasie en die tema van films het dus weereens nie die daglig gehaal nie.

Die doel van *hierdie* artikel is om die noodsaaklikheid van Christelike filmanalise of –kritiek aan te toon en 'n geskikte model hiervoor te gee. As hoofbronne maak ek gebruik van Prof . dr. B. Kamphuis se artikel in *De Reformatie* (14 April 2007) getiteld *De Matrix Code* en die reaksie van HH Schuring op my vorige artikel.

Voordat 'n mens op die punt kan kom waar filmanalise moontlik is, moet die vraag gevra word of 'n Christen wel na flieks kan kyk en wat ons standpunt daaroor moet wees. As 'n mens van mening is dat alle flieks wêrelds is en 'n Christen so ver as moontlik daarvan weg moet bly, dan is die diskussie hiermee afgehandel. Kamphuis (2007) sê egter dat hierdie standpunt moeiliker raak om te verantwoord indien daar gerealiseer word dat ons lewe in 'n wêreld waar films 'n groot rol speel in die werklikheidsbelewing van mense. Hy pleit hiermee vir 'n Christelike manier van filmanalise.

Christelike filmanalise sal egter altyd gepaard gaan met die bespreking van die alomteenwoordige godslastering in die meeste flieks. HH Schuring dui deur middel van talle Bybeltekste en aanhalings uit die kategismus aan dat daar 'n werklike opdrag is om weg te bly van films waarin daar godslastering voorkom:
"...dat sulke godslasterlike films deur Christene ten alle koste vermy moet word....
Die bespreekte films [Dogma en The Last Temptation of the Christ] *toon duidelik 'n aktiewe vyandskap, 'n onbeteuelde haat teen Christus en Sy Woord en teen Sy kerk. En wat moet die Christen in so 'n situasie antwoord: Hy moet antwoord met Psalm 139: vers 19-22 :*

> *19 O God, as U tog maar die goddelose wou ombring! En julle manne van bloed, gaan van my af weg!*
> *20 Hulle wat arglistig teen U spreek, u Naam ydellik verhef—u teëstanders!*
> *21 HERE, sou ek dié nie haat wat vir U haat, en 'n afsku hê van die wat teen U opstaan nie?*
> *22 Ek haat hulle met 'n volkome haat; vyande is hulle vir my! "*

(Schuring 2007)

Dit is duidelike taal. Dit is ook baie belangrik om hierdie aanhaling altyd voor oë te hou tydens die kyk of die bespreking van films. Verkieslik selfs vóór die besigtiging van 'n film.

Maar beteken dit dan dat die veld van filmanalise vanuit 'n Christelike perspektief hiermee afgehandel is? Dit sou na my mening jammer wees, omdat daar dan net een aspek van films (en wat ook van toepassing is op enige godslastering – nie net films nie) bespreek word. Verder is dit helaas 'n feit dat die aantrekkingskrag van films en televisie nie ons kerk misgeloop het nie. Verder kan die beperking tot hierdie aspek tot gevolg hê dat mense dink dat films waarin daar nie gevloek word nie, per definisie reg is om na te kyk. Die persoon kyk dan sonder kritiese kykvermoë na 'n film. Dit kan nogals gevaarlik raak.

Dit sal dus goed wees om, sonder om die etiese aspek soos aangedui deur HH Schuring uit die oog te verloor, 'n film se verhaal, formalistiese eienskappe en dieper betekenis krities vanuit 'n Christelike oogpunt te bespreek. Prof. dr. Kamphuis stel [vry vertaal]:

"Hierdie vraag [mag ons na 'n film kyk, ja of nee?] is moralisties van aard (asof daar ten alle tye 'n algemeen geldende antwoord moontlik is) en beperk hom meestal tot enkele kriteria (taalgebruik en erotiek). Miskien is dit so dat die een Christen na 'n film moet kyk waarvan die ander een ver weg moet bly, terwyl daartussen 'n groot veld van Christelike vryheid lê. Ons verantwoordelikheid is verskillend en juis die analise van verskillende aspekte van films, help ons om konkreet ons verantwoordelikhede na te kom."

'n Goeie model om films Christelik te analiseer, bestaan uit 'n paar fasette, aldus Kamphuis. Eerstens moet daar besef word dat films nie bloot vermaak is nie, maar dat dit een van die mees gewilde en kragtige maniere is om sekere gedagtes by 'n massa mense oor te dra. Dis geen wonder dat Hitler se Nazi-ideale dikwels deur films aan die volk oorgedra is nie... Verder moet films as medium ook verstaan word, naamlik dat films van geweldig baie sintuie tegelyk gebruik maak, en daarom baie invloed op 'n mens kan hê. Dit is dus moontlik dat die verhaal self, die beelde wat 'n mens te sien kry, die dialoog, die musiek, die kamera-hoeke en alle ander onderdele van films, 'n sekere boodskap herberg. Om orde in hierdie chaos te skep en 'n struktuur te maak waarvolgens die films krities en volledig geanaliseer kan word, kan die volgende model handig gebruik word. Dit is gebaseer op 'n paar vrae:

1. Psigiese aspek: Wat voel of beleef ek as ek na die film kyk?
Byvoorbeeld: As 'n mens 'n skokkende film soos Schindler's List kyk, roep dit sekere emosies by mens op. Is hierdie emosies verantwoordbaar? Volgens hierdie aspek kan erotiese stukke in films onder andere ook veroordeel word. Hierdie is baie moeilik om konkreet te bespreek, byvoorbeeld: in *American History X*, word rassehaat baie grafies sigbaar. Die kyker kan nie anders as om dit te veroordeel nie. Die film bereik dus sy doel: Die kykers sien hoe belaglik rassisme is. Maar is die naar-makende geweld hiervoor nodig? Dis baie effektief vir die doel van die film, maar dit is ook byna te skokkend vir woorde. Ek weet persoonlik nie wat 'n mens se opinie hieroor moet wees nie.

2. Analitiese aspek: Wat leer ons deur die film van die wêreld (bv. gedagtes, sentiment, tydsgees ensovoorts)?
Byvoorbeeld: In baie animasiefilms, soos veral dié van Disney, kom 'n baie sterk boodskap deur dat elke mens sy eie lot moet bepaal. Dikwels sien 'n mens dan die 'underdog' wat op 'n sekere reis (beide fisies en geestelik) gaan en dan daaruit leer dat elke mens voluit moet lewe en in beheer van die situasie moet bly. Die kyker 'leer' dan dat hy die lot in sy eie hande het. Hierdie analitiese aspek kom in elke film geweldig sterk deur, en is krities belangrik vir 'n volledige ontleding van 'n film.

3. Sosiale aspek: Watter norme, met betrekking tot mense se behandeling van mekaar, word in die film hanteer?
Byvoorbeeld: In die film *Gladiator* word twee sosiale aspekte aangeraak: die belangrikheid van familie (in byna elke hedendaagse film kom dit deur), en die reg op wraak teen almal wat iets aan die familie doen. Die karakter in die film is vernietig deur die verlies van sy familie, maar neem dan wraak op die daders. Die kyker van die film hoop, natuurlike wyse, dat sy wraak suksesvol sal wees.

4. Estetiese aspek: Watter stylmiddele word in die film gebruik en met watse rede (d.i. kamera-hoeke ensovoorts)?
Byvoorbeeld: In *The Matrix* moet Neo 'n keuse tussen 'n rooi en 'n blou pil maak. Hierdie keuse is in 'n mate 'n simbool vir alle keuses wat die mens moet maak om sy lot te bepaal. Om die impak hiervan te versterk, word beide pille in een kameraskoot gewys deur elkeen in die sonbril van Morpheus te laat weerkaats: die een op die linker glas, die ander een regs. Dit demonstreer, op dramatiese wyse, dat die keuse wat Neo moet maak, bepalend vir sy lot gaan wees.

5. Etiese aspek: Watter morele keuses word in die film gemaak en hoe word dit in die film benader?
Byvoorbeeld: Word egbreuk goed gekeur? In baie sogenaamde "chick-flicks" word maagde as sosiale uitwerpsels gesien en word hulle belaglik gemaak. Die karakters maak 'n 18-jarige maagd belaglik, omdat sy nog nooit seksuele omgang gehad het nie. Gesien die teikengroep van hierdie films (hoërskoolleerlinge, veral meisies), moet daar baie vir sulke films opgepas word. Voorhuwelikse seks word geleidelik as normaal in die kykers ingeprent. Met die gevolg dat baie tieners vinniger 'n seksuele behoefte het en baie druk ondervind om seksueel aktief te wees.

6. Spirituele aspek: Hoe word geloof en spiritualiteit in die film duidelik?
Byvoorbeeld: *The Matrix* is 'n film waarin allerhande verskillende gelowe in mekaar geweef word om dit te laat ontspruit as 'n New Age uithangbord. Sekere simboliek van die Christelike geloof word baie sterk gebruik, byvoorbeeld die 'stad van vrede' in die film se naam is Zion. En die hoofkarakter, Neo, laat 'n mens sterk dink aan 'n Messias-figuur, terwyl die

sogenaamde “Architect” nie ver afwyk van die populêre beeld van God as die “puppeteer” nie.

Ander derglike vrae kan addisioneel uitgedink word om die filmanalise meer volledig te maak. Indien hierdie model gebruik word in die bespreking van een film, kan die verskillende lae waaruit die film bestaan in sy geheel verstaan word. Dit sal ook sorg dat ons meer bewus na films kyk en baie goed verstaan dat ‘n film meer is as net ‘n uur en ‘n half se tydverdryf.

Ek sal graag wil sien dat die lesers van Die Olielamp as hulle ‘n film gesien het, die moeite sal doen om dit op hierdie manier te ontleed en dit met ons te deel. Daar bestaan op die oomblik nie werklik ‘n sterk Christelike filmanalise en –kritiek nie, terwyl films wél baie deur Christene gekyk word. Ons het, na my mening, ‘n verantwoordelikheid om hedendaagse populêre kultuur krities te bekyk. Hopelik maak hierdie model dit makliker om orde te skep in die chaos van populêre kultuur en dit vanuit ons Christelike oogpunt te analiseer.

Reaksie sal baie op prys gestel word.

Hoe om kritiek te lewer en te aanvaar (positief en negatief)

Anja Luijk

Die eerste ding waaraan gedink moet word: Waarom lewer mens kritiek? Daar is meestal twee redes: Die eerste rede (wat ook meestal die meeste gebeur) is dat mens iemand anders wil seer maak, omdat jy dalk self vernederd voel, onseker, bang vir blootstelling, of jaloers is. Kritiek wat dan uit ons mond kom is negatief, met die doel om seer te maak.

Sonder dat ons wil hê mense moet sien, probeer ons `n mes in die persoon se hart druk en draai ons die mes nog `n paar keer, net om seker te maak. Negatiewe kritiek veroorsaak ook dat daar etikette op mense geplaas word. Dit word baie keer gedoen na aanleiding van fisiese uiterlike, wat iemand dra, met wie hulle omgaan, ens.

As mens deur die Bybel lees, kom mens agter hoe ongelooflik belangrik dit vir God is, dat ons in liefde met ons naaste moet leef, en dat als wat ons doen tot hul voordeel moet strek. In Romeine 13:5 staan daar dat die enigste skuld wat ons teen mekaar mag hê is om mekaar lief te hê. Die wat `n ander lief het, het die wet vervul. Dis hoekom God verbied dat ons egbreek mag pleeg, mag doodslaan, valse getuienis spreek , mag begeer. Dit is als tot nadeel van ons naaste. Dit sluit dus definitief negatiewe kritiek ook in.

Die tweede rede is dat ons ons mede-gelowige wil help as ons sien hulle is op die verkeerde pad. In die Bybel word die woord “vermaan” eerder gebruik. In Rom 15:14 skryf Paulus: ”Dat julle self ook vol van goedheid is, vervuld met alle kennis, in staat om mekaar te vermaan.”

In Romeine 1:32 staan dat as mens iemand anders toelaat om aan te gaan met die verkeerde wat hy/sy doen, jy self net so skuldig is. Dit is dus ons plig om ons naaste te vermaan met die doel om hulle te help. In Romeine 12: 8 word “om te vermaan” selfs as `n genadegawe gesien.

Liefde word soos volg in die Bybe beskryf I: Om geduldig en toegewyd te wees, respek te betoon, mededeelsaam en gasvry te wees, in harmonie met ons naaste te leef, nie hoogmoedig en eiewys te wees nie, nie wraak te neem nie en in vrede te lewe. Dit is hoe ons ons naaste moet gaan nader, in alles wat ons doen, hetsy dit is om die ander persoon te vermaan of dat ons deur iemand anders vermaan word.

Maar natuurlik is daar dan ook mense wat sê dat jy eers die balk uit jou eie oë moet haal voordat jy die splinter uit jou naaste se oog wil haal. Dit beteken nie dat ons almal volmaak moet wees voordat ons iemand anders kan aanspreek nie. Ons moet ook leer om na kritiek te kan luister en daaruit te leer.

Die probleem met ons is, dat ons so kwesbaar voel as iemand ons vermaan, hetsy dit is oor die wyse waarop ons leef, praat, of ons geloof uitleef. Baie keer is dit omdat ons besef die persoon praat die waarheid, maar ons wil nie onsself verander nie, omdat ons juis so lekker gelewe het.
Daar is `n fyn lyn tussen vermaan of kritiek lewer, en oordeel. Ons mag nie mekaar veroordeel nie, want Christus het vir ons almal se sondes gesterf en sit nou aan die regterhand van God waar Hy vir ons intree.

Ons moet dus so lewe dat ons, uit liefde vir die ander, hulle wil vermaan en dat ons ook deur ander vermaan wil word, sodat ons almal meer tot eer van die Here sal lewe.

Deur die sleutelgat

Geagte Lesers

In hierdie uitgawe van die sleutelgat het ek ‘n paar berigte uit die kerkkoerant geknip en netso hierin geplaas siende dat ek so min tyd gehad het om dit te skryf. Geniet dit!

Kaapse Jeug vind Wonderkuur vir Verveeldheid

Die skrikwekkendste tyd van die jaar...
Die eksamenmonster is on the loose! Stukkie vir stukkie vreet hy diegene wat deur hom getreiter word se sosiale lewens op. Koffiedrinke het eensaam begin word.

Met slegs ‘n handjievol wat opgedaag het by die Fijmous Eefting residence val die kreatiewes met die deur in die huis. Speletjies wat onskatbare breinkrag benodig word met intense konsentrasie beoefen. Die vroulike deelnemers domineer met hul ver bogemiddelde intelligensie. Die dowes moes gestraf word. ‘n Straf drankie word gebrou deur ons eie chemiese genie, juf. Anja Luijk. Met boheemse buitengewone bestanddele word die mengsel met teensin by die trageas afgegooi. Die aand het glad verloop van een sluk na die ander totdat die wenner, Chris, sy suster vir hulp moes smeek om die nuwe blou blitsende borrelende bruisende brousel aanmekaar te slaan! Hierdie brousel was net een te veel vir die kompeterende deelnemers en hul het soos duiwe gretig vir hondekos, by die deur uitgevlug.

Bobaas Breytenbach Bakster Bemeester Bakkuns

Dit is die dag van die 9de September. Die jaar:2007. Dit is na kerk. Almal is honger. Dit is maar so. Almal weet dit. Daar word in motors, huurmotors en ‘n paar taxi’s geklim. Daar word gery. Toeters word so hier en daar in die haas gehoor. Die motors het almal een eindbestemming: Breytenbach Bakkery. Die motoriste almal een doel voor oë: om daar uit te kom.

Met die aankoms boender almal die huis in en vergryp hulle aan die heerlikste scons wat die wêreld al geproe het. Dit *was* inderdaad heerlik. Almal sit knus teen mekaar in ‘n kring. Dit is lekker. Mense praat oor kerk. Mense praat oor eksamens. Party praat selfs met mekaar in dieselfde vertrek oor die foon en daarna weer met mekaar. So nou en dan kan ‘n paar uitroepe van skok en ongeloof gehoor word.

Later die aand word Bianca se ouma in een van die portrette bewonder. Of dit werklik haar ouma was sal niemand ooit weet nie. Steeds het Johan beloof om verder ondersoek in te stel.

Kaapse drumpel word deurgetrap deur nie-kaapse jeug.

Twee nie-Kaapse jeugdiges het ook hul opwagting hier gemaak. Die gevolg vir hulle was: ‘n langnaweek na ‘n langnaweek. Ek beplan self ook om een te beplan nadat ek van hierdie wonderlike gebeurtenis gehoor het. Dink net: jy kan ‘n lewe daaruit maak om elke langnaweek ‘n langnaweek te maak en dit so te bewerkstellig dat dit op die ou end jou werk word. Ok, bietjie van die onderwerp af, ek weet.

Die nie-Kaapse jeugdiges was Jesca en Illie. Daar is weer met hulle opgevang na die lang tyd van nie-sien by Hettie se koffiedrink. Buite is daar geklets oor ditjies en datjies waarna daar besluit is om kings en … kings te speel! Almal is tog op die ou end wenners. Die volgende dag is dié twee weer huistoe en almal moes weer groet na die groet.

[die einde van hierdie berig is ongelukkig afgeskeur weens onversigtige behandeling. Ek vra om verskoning.]

Baie strekte aan al die matrieks van 2007 met die eindeksamen wat amper is: Arie, Rigardt, Melissa, Marieke, Heléne, Marlize, Fijma en Wietske. Ons verwag triljoen A’s van julle!

Vaarwel

Voetspore

Hail to thee lesers van die Olielamp

‘n Wyse man het eendag gesê: “As die visse in die posvak rus, sal die jaar sy stert byt.”. Hierdie man, wat geluister het na die naam Nostradamus, is deur sy tydgenote uitgelag. Sy vriende Jan, Piet en Klaas het hom so belaglik gemaak, dat Nostradamus direk geëmigreer het na Indië en sy naam laat verander het na Koos. Hieroor het die hele New Delhi hom uitgelag, want Koos is nie ‘n algemene Indiese naam nie.

Maar vandag blyk dat Koos nie so dom was nie. Oplettende lesers het dit seker al bemerk: die kongresuitnodigings is in die posvakkies – dit lyk soos visse – en die jaar staan dus einde se kant toe. Die feit dat ons kongresuitnodigings gekry het, beteken een ding: Kongres. Die woord versprei in die strate dat hierdie kongres die kongres van alle kongresse gaan wees. Met goeie lesings.

Nou die dag het ek gehoor dat Verimark se bemarkingsstrategie (die befaamde herhaal alles oor en oor totdat die mense nie anders kan om dit te glo nie) bo gemiddeld suksesvol is. Vandaar die volgende: Die woord versprei in die strate dat hierdie kongres die kongres van alle kongresse gaan wees. Met goeie lesings. Die woord versprei in die strate dat hierdie kongres die kongres van alle kongresse gaan wees. Met goeie lesings. Die woord versprei in die strate dat hierdie kongres die kongres van alle kongresse gaan wees. Met goeie lesings. Die woord versprei in die strate dat hierdie kongres die kongres van alle kongresse gaan wees. Met goeie lesings. Die woord versprei in die strate dat hierdie kongres die kongres van alle kongresse gaan wees. Met goeie lesings. Die woord versprei in die strate dat hierdie kongres die kongres van alle kongresse gaan wees. Met goeie lesings. Die woord versprei in die strate dat hierdie kongres die kongres van alle kongresse gaan wees. Met goeie lesings. Now for only R 300 at your nearest trusted VGK-outlet or any of these fine stores.

Toe die vakansie aanbreek vir skoliere en studente, het Marlize Mulder haar opwagting gemaak in Pretoria. Diverse festiwiteite het uitgebreek, want alhoewel Marlize op ‘n redelik gereëlde basis ‘n draai maak in ons mooie stad, is ‘n fees altyd van pas. Vandaar dat Potchefstroom ‘n fees getiteld Aardklop gereël het. Hierdie fees wat slegs geskied as Marlize ‘n draai kom maak is natuurlik deur van ons jeug bygewoon, asook Marlize. Toe die fees verby is, het Marlize ook weer vertrek na haar tuisdorp, waar sy weer op volle stoom kon aangaan met ‘n ander fees: Matriek eindeksamen.

‘n Kortkoppie voor hierdie fees het ‘n ander feestelike jong man, Albert Drijfhout, oftewel Meneer Drijfhout of vir sy meer intieme vriende gewoon Ap, ‘n mega-IMAX aand gehou by sy tuiste so skuins bo Kollonade. Buitelug IMAX. Wil jy nou meer? Ap het van sy meesterlike brein gebruik gemaak om die aand so te reël dat sy IMAX veel beter is as Menlyn s’n. En hy het nie net van sy meesterlike brein gebruik gemaak nie, maar ook van sy meesterlike neef, Corneel. Laasgenoemde is nogals ‘n sound-engineer van sy eie klas en met ‘n paar vernuftige switches en stylvolle transformators en versterkers het die rusgewende stem van David Attenborough oor die vlaktes van Kameeldoringfontein gedruis, terwyl Ap stil-stil in homself gesit en wonder het of hy nou *regtig* al die gemors na die tyd alleen moet opruim. Maar toe onthou hy dat hy ‘n suster het.

Speaking of which: Eleanor het ook ‘n suster. En sy (Lieze) het getrou met Martin Boersema. Baie geluk! Op dieselfde dag het George en Hilda ook getrou. Ook baie geluk! Namens die Olielamp wens ons julle alles van die beste toe.

Speaking of which: die beste kongres is ampertjies hoor!

Speaking of which: hoor julle ook dit wat ek hoor? Dit was die vraag wat talle jeuglede hulself afgevra het op ‘n Sondagoggend voor kerk. Die meeste van ons kyk verbaas in die rondte, durf dit nie hardop sê nie, maar kyk wel veelseggend in mekaar se oë. “Ons het Roelof gehoor!” meld een, terwyl die ander skugter omkyk of dit werklik so is. En jawel hoor! Dit was werklik so. Roelof Middeljans, die man van die goeie nagrus het sy gesig, asook sy gespierde skouers in ons land kom wys. Vir George en Hilda se troue, natuurlik.

Speaking of which: natuurlik is dit nie lekker om tipe van die einde van die Voetspoor aan te kondig met die volgende hartseer nuus nie, maar dit moet nou maar net. Ilze trek naamlik weer Kaap toe. Die meeste van ons snik stil-stil in onsself. Ons vra onsself huilend af wie nou 24/7 ons gaan vermaak deur die heelpad met haar hare te vroetel? En hoe vaal sal die lewe lyk sonder die bekende Ilze-catchphrase: “Kom, hupla, geen gezeur!” nie! Maar ons troos onsself met die wete dat die Kaapse jeug nou 24/7 vermaak sal word met haarvroetelary en catchphrases soos “Kom, hupla, geen gezeur!”. En dit troos ons. Veral omdat Kongres – die beste een ooit – naderby kom. En dan word die Kaap en Gauteng mos tradisioneel herenig. Alle donker wolke...

Speaking of which: nie dat dit enigsins iets met donker wolke uit te waai het nie, donker wolke waai mos nie sommer weg nie, maar anyway, daar is nog nuus. Onse eie Tjap is die laaste tyd super-aktief. Hy leer toneelspeel (as jy my nie glo nie, praat bietjie met hom by koffiedrink, welakapela!), hy leer soos ‘n Kraut praat en…tadadadaaaa! hy het saam met Hilbert en Arjan ‘n website ontwikkel vir die jeug. Gaan na **www.vgk.org.za/jeug**. Heel indrukwekkend. En alle belangrike inligting staan op die site, behalwe dan natuurlik die feit dat glas vloeibaar is. En daarvoor het ons die Voetspoor. Die nuus agter die nuus.

Blok myself, Voetspoor

Nog iets...

Differences between Modern Dating and Biblical Dating

(verkorte weergawe van 'n artikel op www.boundless.org)

Modern dating	**Biblical dating**
Modern dating philosophy assumes that there will be several intimate romantic relationships in a person's life before marriage. In fact, it advocates "playing the field" in order to determine "what one wants" in a mate.	Biblical dating has as its goal to be emotionally and physically intimate with only one member of the opposite sex: your spouse.
Modern dating tends to be egalitarian (no differences between men and women in spiritual or emotional "wiring" or God-given roles).	Biblical dating tends to be complimentarian (God has created men and women differently and has ordained each of these *spiritual equals* to play different and valuable roles in the church and in the family).
Modern dating tends to assume that you will spend a great deal of time together (most of it alone).	Biblical dating tends to encourage time spent in group activities or with other people the couple knows well.
Modern dating tends to assume that you need to get to know a person more deeply than anyone else in the world to figure out whether you should be with him or her.	The biblical approach suggests that real commitment to the other person should precede such a high level of intimacy.
Modern dating tends to assume that a good relationship will "meet all *my* needs and desires," and a bad one won't — it's essentially a self-centered approach.	Biblical dating approaches relationships from a completely different perspective — one of ministry and service and bringing glory to God.
Modern dating tends to assume that there will be a high level of emotional involvement in a dating relationship, and some level of physical involvement as well.	Biblical dating assumes NO physical intimacy, and more limited emotional intimacy outside of marriage.
Modern dating assumes that what I do and who I date as an adult is entirely up to me and is private (my family or the church has no formal or practical authority).	Biblical dating assumes a context of spiritual accountability, *as is true in every other area of the Christian life*.
Basically, we can make 3 general statements about modern dating vs. biblical dating in terms of their respective philosophies:	
Modern dating seems to be about *"finding"* the right person *for me.*	**Biblical dating** is more about *"being"* the right person to serve my future spouse's needs and be a God-glorifying husband or wife.
In **modern dating**, intimacy precedes commitment.	In **biblical dating**, commitment precedes intimacy.
The **modern dating** approach tells us that the way to figure out whether I want to marry someone is to act like we *are* married. If we like it, we make it official. If we don't, then we go through something emotionally — and probably physically — like a divorce.	In **biblical dating**, Scripture guides us as to how to find a mate and marry, and the Bible teaches, among other things, that we should act in such a way so as *not* to imply a marriage-level commitment until that commitment exists before the Lord.

Die gebed van 'n Griekwa

Ek slat my twee oge op.
My kyk vang die verste kop:
waavanaf sal my hulp nou kom?
My hulp is van die Jirre, van Hom.
Hy't nou jimmel en Prieska gekom maak.
Sonner lat jou voete klipperse raak,
is Hy skoene agterrie skaap.
Hy dink nooit eers oor slaap.
Sontyd is Hy hoed op jou kop,
Innie nag hou Hy gavaarlikheid dop.
Hy's mos nou da om jou op te pas.
Jou siel hou Hy tussen jou ribbes vas.
Gan jy nou in of gan jy nou yt.
Hy's oor jou ewig en vir altyd.

[Onbekend]

Dank vir ...

- 'n nuwe seisoen - lente het aangebreek

Bid vir ...

- behoud van die aarde

Verjaarsdae

Oktober 2007

BETHAL

Marizelle Bisset	8-Oct
Le Roï Nienaber	30-Oct

JOHANNESBURG

Theo Boessenkool	13-Oct
Teunis Eefting	29-Oct

KAAPSTAD

Jan Geerts	12-Oct
Annamarie Eefting	13-Oct
Marinus Boon	15-Oct
Clarisse du Plessis	17-Oct
Adrian vd Berg	24-Oct
Freddie Strydom	26-Oct

MARANATA

Janneke vd Hout	14-Oct
Johan de Vente	16-Oct
Hendriët Pouwels	25-Oct

PRETORIA

Alex v Houwelingen	1-Oct
Adriaan Aartsma	5-Oct
Rynier Ros	5-Oct
Hendrik Titus	5-Oct
Erik Bosker	9-Oct
Ronald Kamphuis	27-Oct
Roelof Middeljans	27-Oct
Arjan Bijker	28-Oct